——oOo——

# UITEENSETTING OMTRENT DIE BEHANDELING VAN DIE JEUGOORTREDER IN SUID-AFRIKA[1]

## 1. Inleiding.

Daar heers vandag in Suid-Afrika, maar trouens oor die hele wêreld intense belangstelling in die probleem van jeugmisdaad en alles wat daarmee saamhang. Belangstelling wat wissel van sentimentele nuuskierigheid tot eerlike en diepgaande wetenskaplike ondersoek.

1. Opmerking: Die grootste gedeelte van hierdie artikel is gebaseer op radiopraatjies wat skrywer vanaf 15 Febr. tot 4 April 1956 oor die Afrikaanse sender van die S.A.U.K. gelewer het.

Ons was in Suid-Afrika seker nog nooit so akuut bewus van die bestaan, die omvang en die gevolge van misdaad, en in die besonder van die jeugmisdaadvraagstuk soos tans nie. Dit kan dan ook nie anders nie! Wanneer die misdaadstatistiek aan ons die sombere beeld voorhou van 'n steeds stygende misdaadsyfer onder alle leeftydsgroepe en alle rassegroepe, dan moet ons daarop ag slaan. Die beeld wat die Suid-Afrikaanse misdaadstatistiek aan ons openbaar is helaas nie eers die hele werklike beeld nie. Die statistiek openbaar net 'n gedeelte van die werklike aantal misdade wat gepleeg word want om in die misdaadstatistiek opgeneem te word beteken dit dat die misdaad aan die gereg bekend moet wees, en verder moes die gereg stappe geneem het. Dit is 'n onbetwisbare feit dat nie alle misdade ontdek word nie, en aan die gereg bekend word en ook bereg word nie.

Hoe dit ookal sy, by 'n nadere ontleding van die Suid-Afrikaanse misdaadstatistiek word ons getref deur die feit dat die veroordelingsyfer van blanke jeugdiges (d.w.s. kinders onder 17 jaar) vanaf 1950 tot 1954 met 13.8 persent per 10,000 van die bevolking toegeneem het. Blanke jeugdige volwassenes, (d.w.s. die 17-20 jariges) het met 18.8 persent toegeneem terwyl die volwasse blankes (21 en ouer) met slegs 11.3 persent per 10,000 van die bevolking toegeneem het.

Is dit nie inderdaad 'n verontrustende verskynsel dat die veroordelingsyfer gedurende genoemde vyf jaar (1950-1954) onder sowel die jeugdiges as die jeugdige volwassenes veel sterker toegeneem het as onder die volwassenes nie?

Het u geweet dat die ernstige misdaad onder die blanke jeugdiges (17 jaar en jonger) gedurende 1946 slegs 1.4 per 10,000 van die bevolking was, en dat dit in 1954 aangegroei het tot 11 per 10,000 van die bevolking? En dat die ernstige misdaad onder die blanke jeugdige volwassenes (17-20 jariges) in 1946 maar 17 per 10,000 van die bevolking was, teenoor 88 per 10,000 van die bevolking in 1954. Hierteenoor was die blanke misdadige volwassenes 16.7 per 10,000 van die bevolking in 1946 en 54 per 10,000 van die bevolking in 1954.

Ernstige misdade sluit onder andere in: aanranding, manslag, roof, diefstal, huisbraak, onsedelike handelinge, ens. Uit hierdie syfers is dit duidelik dat misdaad onder die blanke jeugdiges van ons volk besig is om toe te neem. Veel ontstellender is dit egter wanneer ons die gevolge van jeugmisdaad as 'n benadelingsverskynsel nagaan en ons ook besig hou met die lewensgeskiedenisse van jeugoortreders wat in inrigtings opgeneem en aangehou word.

In hierdie artikel wil ons baie kortliks u aandag vestig op die behandeling wat die jeugoortreder aan ons Suid-Afrikaanse verbeteringskole te beurt val. Gedurende 1951-52 het dit die Staat £198.85 gekos vir elke blanke seun wat in die Constantiaverbeteringskool opgeneem was en £265.91 vir elke dogter in die Durbanville-instituut. Dit beteken dat daar jaarliks gemiddeld meer per verbeteringskoolleerling uitgegee word as per leerling aan ons sg. beroepskole.

## 2. **Voorspel tot die moderne behandeling.**

Die behandeling wat die jeugoortreder te beurt geval het tot in die helfte van die vorige eeu, en selfs tot aan die begin van ons eeu, is vandag ondenkbaar. Wrede strawwe en die aanhouding in gevangenisse saam met volwasse en geharde misdadigers het plek gemaak vir 'n hervormingsideaal waarin die jeugoortreder in afsonderlike inrigtings onderwys en opvoeding geniet. Tog ongeveer 1913 is die jeugoortreder en die volwasse misdadiger in Suid-Afrika nog saam in gevangenisse opgesluit. Die oortuiging het sedertdien posgevat dat die jeugmisdadiger opvoedbaar en hervormbaar is, en dat dienooreenkomstig met hom gehandel moet word.

Hierdie beginsel word baie sterk in Suid-Afrika toegepas want sedert 1935 sorteer die Nywerheidskole en Verbeteringskole onder die Departement van Onderwys Kuns en Wetenskap en word tot opvoedkundige inrigtings gereken.

Die eerste noemenswaardige wet wat verandering in die behandeling van jeugoortreders hier te lande teweeg gebring het, was wet Nr. 13 van 1911. Hierdie voorwaartse stap is deur Wet Nr. 25 van 1913, die sg. Wet ter Bescherming van Kinderen bevestig en uitgebou. Vanaf 1934 tot 1937 is 'n uiters deurtastende ondersoek na kindersorg in Suid-Afrika ingestel en die resultate van hierdie Interdepartementele Komitee oor behoeftige, verwaarloosde, wanaangepaste en misdadige kinders en jeugdige oortreders is in 1937 gepubliseer.[2] Na aanleiding van hierdie ondersoek is die nuwe Kinderwet Nr. 31 van 1937 op 18 Mei 1937 in die Buitegewone Staatskoerant Nr. 2440 geproklameer en het daarna in werking getree. Dit het alle wetgewing wat daar destyds bestaan het om kinders en jeugdiges te behandel gekonsolideer.[3]

---

2. U.G. 38 van 1937.
3. *Verslag van die Departement van Volkswelswyn* vir die boekjare 1937-1939, U.G. 15-40, p. 46.

Die hoofdoel van hierdie wet, wat sedertdien verskeie kere gewysig is, is die beskerming van die belange van kinders.[4]

Dit is hierdie Wet nr. 31 van 1937, soos gewysig, die sg. Kinderwet wat in baie duidelike taal omtrent die behandeling van jeugmisdadigers spreek en wat sekere opvoedkundige, sielkundige en sosiologiese beginsels t.o.v. die aanhouding, behandeling en rehabilitasie van die jeugmisdadigers beklemtoon. Hierdie wet kan beskou word as 'n baie verligte stukkie wetgewing wat gunstig vergelyk met die bestes van enige moderne land.[5]

Hierdie wet maak onder andere voorsiening vir 'n verskeidenheid van kinder- en jeuginrigtings waar behoeftige, verwaarloosde en misdadige kinders en jeugdiges aangehou, versorg en opgevoed word. Ons dink bv. aan Gesertifiseerde en Nie-gesertifiseerde kinderinrigtings, plekke van bewaring en Veiligheid, Hostelle, Nywerheidskole en Verbeteringskole. Die dienste wat deur die verskillende inrigtings aangebied word verskil wat betref beheer, ouderdom en tipe persoon wat opgeneem word.

Vir ons doel is die Nywerheid- en Verbeteringskole die belangrikste omdat hulle uitsluitlik te doen het met die aanhouding, opleiding en opvoeding van sorgbehoewende kinders wat gedragsafwykinge, wanaanpassinge en misdadige neigings openbaar en wat gewoonlik onbeheerbaar is. Die opvoedkundige metodes en beleid van Nywerheidskole en Verbeteringskole toon vandag geen wesenlike grondverskille in S.A. nie.

Die Verbeteringskool is egter die strengste van bg. inrigtings en dit verteenwoordig trouens ook die laaste poging, behalwe die tronk, om die jeugmisdadiger 'n eerbare en bruikbare landsburger te maak en 'n kind word daarheen gestuur wanneer alle ander minder drastiese metodes onsuksesvol was.

### 3. Die Suid-Afrikaanse Verbeteringskool.

Die oprigting van Verbeteringskole word bepaal deur Art. 38(2) van die Kinderwet en die Dept. van Onderwys, Kuns en Wetenskap het die verantwoordelikheid om alle jeugoortreders wat ingevolge Art. 103 van die Kinderwet of enige ander Wet daarna verwys word, ooreenkomstig die bepalings van die Kinderwet te versorg, op te lei en op te voed.

In die praktyk kom dit daarop neer dat jeugdiges óf regstreeks deur die Kinderhof na Verbeteringskole gestuur word nadat hulle op aanklagte van misdaad skuldig bevind is, óf weens wangedrag of onbeheerbaarheid van ander inrigtings oorgeplaas word. In die Verbeteringskool is die leerling

---

4. Van Reenen, T. H.: *Handbook on the Children's Act*, p. 4.
5. *Verslag van die Kommissie op Straf- en Gevangenishervorming* 1947, U.G. No. 47-47, p. 24.

se vryheid meer beperk, die dissipline is strenger, die tugmiddele harder en meer opsetlik want hier het ons te doen met die uiterste gevalle van gedragsafwykinge: in so 'n mate dat hulle alreeds voor 'n geregshof verskyn het.

Die doel, taak en roeping van die Verbeteringskool is om die jeugdiges wat hulle misgaan en misdra het in bewaring te neem, onderwys en opvoeding te gee sodat hulle eerbare, arbeidsame, dienswillige en bruikbare mense kan word. Om hierdie doelstellinge te bereik word van verskillende middele gebruik gemaak soos weldra sal blyk.

In Suid-Afrika het die verbeteringskole alreeds tot groot organisasies met uitgebreide aktiwiteite uitgegroei.

Die volgende opsomming van die verskillende afdelings of departemente is genoegsame bewys van die omvattende en belangrike werksaamhede. Die Verbeteringskool bestaan gewoonlik uit die volgende afdelings:

(a) 'n Administratiewe afdeling.
(b) Gesondheidsafdeling;
(c) Sielkundige afdeling;
(d) Toesighoudende-afdeling;
(e) Onderwysafdeling: akademies en beroepskundig;
(f) Liggaamlike opvoeding;
(g) Godsdienstige opvoeding;
(h) Naskoolse aktiwiteite;
(i) Inrigtingsdienste;
(j) Mediese dienste;
(k) Uitplasing, werkverskaffing en nasorg, ens.

Die Dept. Onderwys, Kuns en Wetenskap beheer tans ses Verbeteringskole. Twee vir blankes, nl. Constantia vir seuns en Durbanville vir meisies. Gedurende 1955 was daar gemiddeld 237 seuns en 29 dogters in hierdie inrigtings gehuisves. Twee vir Kleurlinge, nl. Porter vir seuns en een by Faure vir dogters. Hier was gemiddeld 847 seuns en 22 dogters gedurende 1955 aangehou. Verder is daar twee Verbeteringskole vir naturelle, nl. Diepkloof vir seuns en Eshowe vir Dogters. Die gemiddelde aantal leerlinge vir genoemde jaar was 862 seuns en 83 dogters.

4. **Die behandeling in die Verbeteringskool.**

Ons wil nou baie kortliks en sketsmatig u aandag bepaal by die behandeling wat 'n jeugoortreder in die Verbeteringskool ondergaan. Vir 'n breedvoeriger en diepgaande uiteensetting kan die belangstellende leser die besonder insiggewende en waardevolle M.Ed..-verhandeling van Mnr.

I. Z. Engelbrecht, Vise-prinsipaal van Diepkloof-Verbeteringskool, raadpleeg.[6] Die opvoedingsprogram waaraan so 'n leerling onderwerp word kan gerieflikheidshalwe volgens Engelbrecht as volg ingedeel word:

(i) die sg. toelatingsfase;
(ii) die opvoedings- en behandelingsfase;
(iii) die voorbereidingsfase vir vrylating en
(iv) nasorg.

Die eersgenoemde drie fases verteenwoordig die direkte sorg van die leerling terwyl hy aan die skool verbonde is en die laasgenoemde wanneer hy die skool verlaat het.

Nadat die Kinderhof 'n jeugdige skuldig bevind het en na 'n verbeteringskool verwys het, of nadat die jeugdige van 'n ander inrigting daarheen oorgeplaas is, word hy onder begeleiding soheentoe geneem. Sodra hulle by die Verbeteringskool aanland geskied die toelating en registrasie.

Na toelating word die nuweling na die hospitaal gestuur waar hy deur die distriksgeneesheer ondersoek word vir fisiese gebreke en aansteeklike en besmetlike siektes. Indien hy aan 'n fisiese gebrek ly, of een of ander siekte onder lede het, geniet hy dadelik die nodige mediese versorging.

Hierna maak die nuweling kennis met die prinsipaal en/of seniorviseprinsipaal van die betrokke inrigting. Hierdie onderhoud dien as basis om die jeugdige se vertroue te wen deur hom daarop te wys waarom hy na die Verbeteringskool verwys is, en dat hy sy vryheid weer kan verdien indien hy saamwerk.

Na hierdie belangrike onderhoud word hy na die groep vir nuwelinge geneem en onder toesig van 'n opsigter geplaas. Hier word die nuweling tuisgemaak en deeglik op hoogte met die roetine, regulasies ens. van die inrigting gebring. Hier maak hy ook kennis met die sielkundige wat 'n baie belangrike rol in die heropvoedingsproses speel.

Om hierdie opvoeding te doen is diepgaande kennis nodig omtrent die jeugoortreder se persoonlikheid en simpatieke insig in die dryfvere en motiewe van sy gedrag, sy handel en wandel.

Deur middel van verstandstoetse, beroepspersoonlikheids- en ander toetse, onderhoude en ander ondersoekingsmetodes wat tot die beskikking van die sielkundige staan, word die persoonlike geskiedenis, die persoonlikheidseienskappe, gedrag ens. van elke nuwe leerling grondig bestudeer sodat sy toekomstige loopbaan in die inrigting beplan en uitgewerk kan word en verder dat terapeutiese middels in sy geval ontdek en toegepas kan word.

6. *Die Interne Organisasie van die Suid-Afrikaanse Verbeteringskool.* Ongep. M.Ed.-verh., P.U. vir C.H.O., 1953.

Die sielkundige en sy afdeling is seker een van die belangrikste skakels in die heropvoedingsproses. Dit is daarom dringend noodsaaklik dat hierdie afdeling baie deeglik deur middel van die leerling en die personeel met al die afdelings of departemente gekoördineer en ingeskakel sal word. Hierna word daar besluit na watter afdeling die nuwèling gestuur sal word. Nou tree die behandelingsfase ten volle in werking.

Hy bevind hom nou op die plek waar hy opleiding en opvoeding volgens 'n vasgestelde prosedure en doelstelling gaan ontvang. Hier word hy deeglik dopgehou om te sien of hy aanpas en of hy hierby baat. So nie, of dit nie miskien in sy voordeel sal wees om na 'n ander afdeling oorgeplaas te word nie. Die nuweling se vordering en aanpassing word van tyd tot tyd bepaal, en die sielkundige hou gedurige kontak met die leerling sodat 'n volledige kliniese beeld van sy persoonlikheid opgebou kan word.

Elke leerling wat in die Verbeteringskool opgeneem word moet skoolgaan. Onderstaande tabel gee ons enigsins 'n beeld van die opvoedkundige peil waarop die leerlinge van die twee blanke Verbeteringskole gedurende 1950 gestaan het. Hieruit sal dit ook duidelik wees met watter probleme die Verbeteringskool te kampe het.

Tabel I. Ouderdom-Standerd-Distribusie van Blanke Leerlinge in Verbeteringskole in 1950.[7]

| Standerds | 13 jr. | 14 jr. | 15 jr. | 16 jr. | 17 jr. | 18 jr. | 19 jr. | Bo 20 jr. | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Std. I gedruip | — | — | — | — | — | — | — | 4 | 4 |
| Std. I geslaag | — | — | — | — | — | — | — | — | — |
| Std. II | — | — | — | — | — | — | — | 1 | 1 |
| Std. III | 1 | — | — | — | 1 | — | 1 | 1 | 4 |
| Std. IV | — | 4 | 2 | 1 | 2 | 9 | 2 | 1 | 21 |
| Std. V | 1 | 1 | 4 | 5 | 12 | 11 | 2 | 7 | 43 |
| Std. VI | — | 1 | 4 | 18 | 26 | 27 | 29 | 25 | 130 |
| Std. VII | — | 2 | — | 6 | 6 | 14 | 12 | 19 | 59 |
| Std. VIII | — | — | — | — | — | 6 | 5 | 5 | 16 |
| Std. IX | — | — | — | — | 1 | 4 | — | 3 | 8 |
| Std. X | — | — | — | — | — | — | — | 1 | 1 |
| TOTAAL | 2 | 8 | 10 | 30 | 48 | 71 | 51 | 67 | 287 |

7. Ontleen aan: van der Walt, J. A.: *'n Historiese Sosiologiese Ondersoek van die Ontwikkeling van die Beleidsrigtings ten opsigte van Kinderbeskerming en Kinderontwikkeling in die Unie van Suid-Afrika vanaf 1910 tot 1950.* Ongep. D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1956, p. 169.

By die ontleding van hierdie tabel kom Professor van der Walt tereg tot die gevolgtrekking dat daar 'n groot mate van skolastiese vertraging by hierdie leerlinge aanwesig is. Steenkamp die prinsipaal van Constantia wat 'n besonder deeglike ondersoek na jeugoortreders aan genoemde inrigting ingestel het kom dan ook tot die volgende gevolgtrekking: „Feit is dat die groep skolasties gemiddeld ernstig vertraag was en 'n wrewelige teensin in skoolgaan openbaar het. Dit het verder geblyk dat hulle aanleg en belangstelling byna sonder uitsondering in 'n praktiese rigting le".8) Dit is 'n bekende feit dat ons Verbeteringskole met allerlei probleme te doen het wat sy skolastiese onderrig betref: afkeer van skool werk, onderbroke skoolloopbane, kort aanhoudingstermyn, groot individuele leerlingverskille, ongekontroleerde toelating van leerlinge deur jaar, ens. Dit alles bemoeilik nie slegs die onderwysopleiding nie maar ook die klassifikasie van die jeugoortreders volgens ontwikkelingspeil, onderwysbekwaamheid, gedragsafwykinge, onderdom, persoonlikheid, lewensgeskiedenis, ens. ens.

Naas hierdie skoolopleiding kry elkeen ook 'n ambagsopleiding in die geval van seuns, en 'n opleiding in huishoudkunde in die geval van die dogters. Onder leiding en met behulp van die sielkundige kan hy 'n ambag kies waarvoor hy aanleg het. Opleiding word gegee in die volgende ambagte: messelary, kabinet-makery, stoffeerwerk, werktuigkunde, skilderwerk, loodgietery. Dogters kry opleiding in: naaldwerk, waskunde, kookkunde, huisbestuur, kleremakery, moederkunde, assistent-matroneskap.

Dit is interessant om daarop te wys dat die opleidingsprogram op die twee blanke verbeteringskole eintlik niks anders is as 'n gewysigde leerplan van die Hoër Tegniese en Hoër Huishoudskole nie. Die metodes van onderrig verskil egter in baie opsigte wesenlik van wat in bg. skole toegepas word. Leerlinge aan die Verbeteringskole werk baie selfstandig omdat hulle enige tyd van die jaar toegelaat word en op verskillende trappe van ontwikkeling staan. Dit bemoeilik die gebruiklike klassikale onderwys. Waar nodig geskied egter ook groeponderrig. Leerlinge word deeglik dopgehou, nie alleen net wat prestasie op skool betref nie maar ook sy vordering in persoonlikheidseienskappe, aanpassing en gedrag. Wanneer daar genoegsame vordering by die leerlinge vasgestel word kry hy sekere voorregte en vryhede.

Nou is hy in die sg. Voorbereidingsfase wat hom uiteindelik geskik moet maak vir sy ontslag.

---

8. *Die Kliniese Diagnose, Behandeling en Heropvoeding van Dertig Jeugoortreders.* Ongep. D.Phil proefskrif P.U.virC.H.O.,1954 p.268

Deurdat hy vordering en verbetering toon word aan hom meer regte, voorregte en vryhede gegee sodat hy stadigaan kan leer om hom suksesvol in die samelewing buite die inrigting aan te pas. Die inrigtingsjeugdige raak maklik inrigtingsgefikseerd en wanneer hy vrygelaat word ondervind hy allerlei moeilikhede.

Die verskillende Verbeteringskole het dan ook hulle program sodanig ingedeel dat hierdie oorgang op verskillende maniere vergemaklik word; nl. deur die sg. Projek- en taakstelsel waardeur hy sy voorregte kan verdien; deelname aan konserte, sport, en ander bedrywighede wat hulle met die openbare lewe buite die inrigting in aanraking bring; ontvangs van besoekers; selfregering. Hier speel die klassifikasiestelsel ook 'n belangrike rol. Om van die een afdeling na 'n ander met sy groter vryheid en voorregte te skuif word as 'n voorreg beskou en moet verdien word. Misbruik van vryheid en voorregte beteken terugskuiwing.

Nadat 'n jeugdige die Verbeteringskool verlaat word daar nog steeds kontak met hom gehou met die doel om nasorgwerk te doen, want nou ondervind die meeste groot moeilikhede. Baie se straf begin eers wanneer hy die inrigting verlaat het. Die onderwyser-nasorgbeampte vorm die skakel tussen die inrigting en die buite-wêreld. Hy moet sorg dra dat die jeugdige en sy ouers, voogde en die samelewing gesond is, m.a.w. hy moet die weg vir die leerling in die buitewêreld voorberei en sy aanpassing sover as moontlik vergemaklik. Die ontslane jeugdige kan ook onder die sorg van die Dept. Volkswelsyn geplaas word. Alles is daarop gemik om van die jeugoortreder 'n arbeidsame en wetsgehoorsame burger te maak.

Die skoolopvoeding en ambagsopleiding word verder nog aangevul deur liggaamlike opvoeding, beoefening van 'n verskeidenheid sportsoorte, deelname aan kulturele bedrywighede, nuttige besteding van vryetyd.

Verder word daar erns gemaak met Godsdiensonderrig omdat die owerheid bewus is van die goeie invloed en krag wat die Christelike Godsdiens in die lewe van die mens uitoefen.

5. **Ten Slotte.**

Samevattend kan gesê word dat die groot funksie en roeping van die Suid-Afrikaanse Verbeteringskool en ander inrigtings wat met jeugoortreders te doen het is om hom voor te berei om bevredigend in en aan te pas in die menslike samelewing. Gewone skoolonderwys en beroepsopleiding is noodsaaklik maar myns insiens is die grootste behoefte van hierdie jeugdiges geestelike, morele en sedelik-godsdienstige rehabilitasie. Hulle het nie soseer boekgeleerdheid nodig nie, maar wel 'n gesonde lewensuitkyk—'n lewensuitkyk word deur die Christelike lewens- en wêreldbeskouing gedra en ge-

voed. Hulle moet bewus gemaak word van die sin van die lewe — van sy roeping as mens—dat hy staan in diens van God en sy medemens.

Suid-Afrika kan hom gelukkig ag dat hy oor 'n Dept. en persone beskik wat die belange van die Jeugoortreder op die hart dra. Sy Edele die Minister, die besielde Sekretaris en amptenare van die Dept. Onderwys, Kuns en Wetenskap wat verantwoordelik is vir die heropvoeding van hierdie jeugdiges doen alles in hulle vermoë om dit vir hierdie jongmense moontlik te maak om weer in die gesonde samelewing opgeneem te word.

Die Verbeteringskole en ander inrigtings wat met jeugoortreders te doen het beskik oor voltydse persone met akademiese en vakkundige kennis en kwalifikasie wat nodig is vir die opleiding van die leerlinge wat onder hulle sorg staan.

Ons weet dat ons verbeteringskole sy mislukkings het; maar dit het ook sy suksesse. Sal ons dan net oor sy mislukkings praat en oor sy suksesse swyg?

As 73.3% van die 5,455 eertydse leerlinge van verbeteringskole wat gedurende 1939 tot 1947 vrygelaat is se herinskakeling suksesvol was, is dit nie stof tot dankbaarheid nie?

Het ons dan nog reg om sonder enige diskriminasie te veroordeel? Dit is baie maklik om fout te vind en die verbeteringskole en ander inrigtings onredelik te veroordeel soos so dikwels gedoen word.

Maar! Het u al ooit so 'n inrigting besoek om te sien wat daar vir hierdie, in een of ander mate, koppige, moeilike, oneerlike, selfsugtige, onsedelike, verwaarloosde en gedegenereerde kinders en jeugdiges gedoen word? Met watter mensemateriaal hier gewerk word?

Indien nie, gaan dan ek kyk na die uitdaging wat hierdie jongmense tot ons almal rig. Naas God is ons as ouers en opvoeders die enigste persone wat hierdie verwaarlosingsproses en benadelingsverskynsel kan en moet stuit.

Vra uself af: Wat doen ek om die verspoelingsproses, die sedelikgodsdienstige en geestelike dreinering onder die jeug van my volk te bekamp?

P. J. VAN DER WALT.